# DAT HULLE U KEN

## Wie het Jesus uit die dode opgewek?

Geskryf deur Virgil Carolus

Daar is baie gesê en geskryf oor Christus se kruisiging en Sy opstanding, maar is daar werklik 'n beter bron as om na die boek toe te gaan wat die lewe en dood van Jesus Christus self beskryf. Die Bybel skryf alles wat ons van Christus ken, van sy ontstaan tot sy hemelvaart. My doel hier is nie om sienings van mense te gee nie, en selfs nie my eie gedagtes nie, maar om u genoeg Bybelse bewyse te gee om hierdie belangrike vraag te beantwoord.

**Die vraag dan; wie het Jesus uit die dode opgewek, was dit Jesus self, was dit Sy Vader was dit die Heilige Gees of was dit al drie.**

Terwyl ek my gevolgtrekkings sal deel uit die Bybelse bewyse, wil ek hê dat u die bewyse wat hier gegee word moet oorweeg en u eie gevolgtrekkings maak. Die eerste belangrike saak wat hier aangespreek moet word is, het Christus op enige tydstip in sy aardse bestaan Goddelike krag gehad. Byvoorbeeld, was Hy almagtig, alwetend, was Hy oral teenwoordig en vir die doel van hierdie studie was Hy onsterflik . Die antwoord op hierdie vraag is redelik eenvoudig wanneer ons die volgende tekse oorweeg.

> Php 2:5-8 Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in **Christus Jesus** was. Hy, **wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;** en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

As Christus in die gestalte van n mens was kon Hy nie Goddelike krag gehad het nie, tensy hy nie in alle opsigte soos ons was nie.

> Heb 2:17-18 Daarom moes **Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word**, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in **alle opsigte** versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Dit is duidelik dat Christus een van ons geword het, in alle opsigte. Terwyl Hy op die aarde was, het Hy nie Goddelike krag gehad nie, want dan kon hy nie in alle opsigte soos ons gewees het nie. As Christus dan net soos ons was, deur watter krag het Hy al sy aardse wonderwerke gedoen? Gelukkig is ons nie in die donker aangaande hoe Christus sy aardse wonderwerke gedoen het nie.

Joh 14:10 Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, **Hy doen die werke.**

Act 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde! **Jesus, die Nasaréner**, 'n man deur God vir julle aangewys met **kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het,** soos julle ook self weet—

Al die wonderwerke wat Christus op die aarde uitgevoer het, het God deur Christus gedoen. Die almagtige God het deur Christus gewerk. Wanneer ons die werke van die apostels oorweeg, sien ons dat soos Christus het hulle ook die mag van 'n almagtige God vertoon. Sien en vergelyk Johannes 11: 41-43 met Handelinge 9: 39-40

By een geleentheid vind ons Jesus magteloos om die dag en uur van Sy verskyning te ken. Dit dien as bewyse dat Christus in alle opsigte soos ons gemaak was. Sy onvermoë om te weet, spreek tot die feit dat soos ons Christus nie alwetend was nie.

Mar 13:32 Maar van daardie dag en dié uur **weet niemand nie**, ook **nie die engele** in die hemel **of die Seun nie**, maar net die Vader.

By 'n ander geleentheid sien ons duidelik dat Christus nie die vermoë gehad het om oral teenwoordig te wees nie. Dit moet dien as nog bewyse dat Christus inderdaad soos sy broers gemaak was, hy was in alle opsigte soos ons.

Luk 7:6-7 En Jesus het saam met hulle gegaan; maar toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die hoofman oor honderd vriende na Hom om vir Hom te sê: Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom

> nie. Daarom het ek my ook nie waardig geag om na U te gaan nie; sê dit maar met 'n woord, en my kneg sal gesond word.

Uit die Bybelse bewyse is dit duidelik dat Christus in alle opsigte soos ons was. Soos ons het Christus nie Goddelike krag gehad nie, terwyl Hy op aarde was, het God deur Hom gewerk. Dit was nog steeds God wat die wonderwerke uitgevoer het. Maar wat van onsterflikheid was Hy soos ons in hierdie verband of het hy hierdie mag behou. Die Bybel het reeds aan ons geopenbaar dat Christus nie Goddelike kragte gehad het nie, waarom sou dit dan anders wees met hierdie krag, die krag van onsterflikheid. Oorweeg weer Filippense hoofstuk 2 ...

> Filippense 2:5-8  Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, **het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood** toe, ja, die dood van die kruis.

Soos met al die ander eienskappe, in die gestalte van n mens het Christus tydelik alle Goddelike magte afgele, ja selfs onsterflikheid. Paulus bevestig hier dat Christus voor sy inkarnasie nie gehoorsaam was aan die dood nie, maar nou as mens het hy homself verneder en gehoorsaam geword tot die dood.

Die implikasie is dat Christus soos ons regtig gesterf het, en as hy regtig gesterf het, kon hy Homself nie moontlik opgewek het nie. Hy was afhanklik van n ander om Hom uit die dood op te wek. Voordat ons dit hier as 'n feit aanvaar, kom ons oorweeg die oorvloed van Bybelse bewyse.

1. Act 2:23-24  Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; **Hom het God opgewek**, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word. 32  **Hierdie Jesus het God opgewek,** waarvan ons almal getuies is.

2. Act 3:14-15 En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word, en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. **God het Hom uit die dode opgewek**, waarvan ons getuies is.
3. Act 4:10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat **God uit die dode opgewek het,** dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.
4. Act 5:30 **Die God van ons vaders het Jesus opgewek**, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang.
5. Act 10:39-40 En ons is getuies van alles wat Hy gedoen het in die Joodse land en in Jerusalem. En hulle het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang. **Hom het God op die derde dag opgewek** en beskik dat Hy sou verskyn
6. Act 13:30 **Maar God het Hom uit die dode opgewek**. 37 maar **Hy wat deur God opgewek is**, het geen verderwing gesien nie.
7. Rom 4:24 maar ook om ons ontwil aan wie dit toegereken sal word, ons wat **glo in Hom wat Jesus**, onse Here, **uit die dode opgewek het,**
8. Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos **Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader**, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. 9 omdat ons weet dat Christus, **nadat Hy opgewek is uit die dode**, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.
9. Rom 8:11 **En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het,** in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.
10. 1Co 6:14 En **God het ook die Here opgewek** en sal ons opwek deur sy krag.
11. Gal 1:1 Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en **God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het**,
12. 2Co 4:14 Want ons weet dat **Hy wat die Here Jesus opgewek het**, ons ook deur Jesus sal opwek en saam met julle voor Hom sal stel.
13. Eph 1:20 wat Hy gewerk het in Christus toe **Hy Hom uit die dode opgewek** het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele

14. 1Th 1:9-10 Want hulle vertel self aangaande ons watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle jul van die afgode bekeer het tot God, **om die lewende en waaragtige God te dien en sy Seun** uit die hemele te verwag, **wat Hy uit die dode opgewek het,** Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.
15. 1Pe 1:21 julle wat deur Hom glo in **God wat Hom uit die dode opgewek** en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.

Na die oorvloed van bewyse wat hier aangebied is, kan ek tot geen ander gevolgtrekking kom nie, maar dat Jesus Christus deur God die Vader opgewek is. Ek stel voor dat, nadat Christus dood was, Hy 'n ander nodig gehad het om Hom uit die dood op te wek. In meer as 15 verse sien ons dat dit die Vader was wie Jesus Christus uit die dood opgewek het.

Met al die bewyse wonder jy seker hoekom die vraag in die eerste plek gevra is. Wel, daar is diegene wie beweer dat die bogenoemde stelling en bewering oor Christus se opstanding nie heeltemal waar is nie. Op grond van twee Bybelverwysings beweer hulle dat Christus Homself opgewek het. Die implikasie hiervoor is dat hy nie regtig dood was nie, en aangesien Hy nie regtig dood was nie, moet ek aflei dat hy nie in die gestalte van n mens kon wees nie, aangesien wanneer die mens dood is homself nie kan opwek nie. Maar kom ons kyk na die verse hier.

> Joh 10:17-18 Daarom het die Vader My lief, **omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.** Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het **mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem.** Hierdie gebod het Ek van my Vader **ontvang.**

Diegene wie beweer dat Christus homself opgewek het, baseer hul geloof op Christus se woorde, 'Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem.' Maar dit is nie wat hierdie teks vir ons se nie. Die Griekse woord vir neem is **'lambano'** hierdie woord word ook vertaal as 'ontvang.' So hierdie gedeelte kan ook so gelees word, 'Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te **ontvang.**' En soos ons vooreen gesien het, is dit die Vader wie Christus opgewek het. So Jesus het sy lewe by sy Vader neer gele en weer by Sy Vader ontvang. Die gene wie hierdie gedeelte gebruik as bewyse, plaas klem op die woord 'mag' maar weereens die geedeelte se nie Jesus het mag om homself op te wek nie. Die woord word op baie ander plekke vertaal as 'gesag' of 'toestemming.' So Jesus het die gesag of toestemming by Sy Vader ontvang soos vers 18 aandui, 'Hierdie gebod het Ek van my Vader

ontvang.' Soos met alle waarhede moet n mens die gewig van bewyse oorweeg. Diegene wie glo dat Christus homself opgewek het gebruik hierdie teks en vergeet al die ander tekse wat praat van sy opstanding.

My versoek aan u is om die bewyse te oorweeg en u eie gevolgtrekkings te maak. Maar soos voorheen genoem, is dit vir my duidelik dat God die Vader vir Jesus opgewek het. As ons dit nie glo nie dan maak ons lig van die offer van albei God en Christus. Christus se koms en mens wording was n werklikheid, Hy het rerig mens kom woord, Hy het rerig gesterwe en is deur n wonderwerk deur die Vader opgewek. Ek los u met hierdie gedagte…

> 1Co 15:14 En **as Christus nie opgewek is nie**, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; 15en **dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het,** wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie.